November 2023

# Stellenberger

## Ons kyk terug en vorentoe

Deur: Ds. René Potgieter



**Wanneer die jaar einde se kant toe staan, is 'n mens geneig om terug te kyk op die jaar wat verby is. Ons kyk egter ook vooruit, na die vakansieseisoen en die nuwe jaar wat voorlê. So dit is 'n dubbele proses: terugkyk en vorentoe kyk. Dis baie soos 'n rit met jou motor. Ons het 'n groot voorruit waardeur ons vorentoe kyk en 'n klein truspieël waarin ons kan terugkyk. Die truspieël laat ons sien waar ons vandaan kom, en die voorruit waarheen ons op pad is. Ons het albei nodig, maar in die regte balans: te veel terugkyk kan tot 'n ongeluk lei; te min terugkyk kan veroorsaak dat jy vergeet waar jy vandaan kom.**

Ons as gemeente kyk ons ook saam terug oor die jaar en ons harte is gevul met dankbaarheid. Ons kon ervaar dat die Here deur hierdie jaar saam met ons geloop het. Tree vir tree soos ons die jaar aangepak het, het God se genade en liefde ons gelei en gedra. Ons het saam gewandel volgens die temas van behoort, bewoon, bewerk en bewaar. Saam het ons ons geloofsreis aangepak en by verskeie roetemerkers gestop. Saam het ons geestelik nader aan God en mekaar gegroei. Saam het ons tydens die basaar en feesmark feesgevier. Saam het ons hande uitgesteek na hulle wat platgeslaan is deur die lewe.

Vervolg op bladsy 2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

Wanneer ons terugkyk moet ons ook erken dat daar soms uitdagings was. Ons is bewus van gemeentelede wat verlies op verskeie terreine ervaar het en ons het medelye met hulle. Dus, as ons terugkyk oor die jaar heen is daar ook seer en onbeantwoorde vrae. Maar, tog te midde van hierdie uitdagings kan ons God se hand van genade in ons lewens sien.

Met opgewonde harte kyk ons as gemeente ook vooruit en sien daarna uit om saam die nuwe jaar in te stap. Ons droom oor die nuwe jaar en om die nuwe jaar op die regte manier in te gaan. Om werklik 'n gehoorsame gemeente te wees, sal ons God se wysheid nodig hê. Dis 'n gawe wat God aan mense gee om die regte keuses te maak, onderskeidingsvermoë aan die dag te lê en hande uit te steek na mekaar. As gemeente vertrou ons die Here om ook saam met ons te stap en ons in die nuwe jaar te lei. Saam kan ons uitsien na nuwe roetemerkers wat ons gaan bereik. Ons verwag ook om weer met 'n ander gemeente te skakel vir 'n heerlike kontreikuier.

Wat verlang jy van die jaar wat voorlê? Sukses, gesondheid, rykdom? Moses vra in Psalm 90 dat God hom sal leer om sy dae so te gebruik dat hy wysheid sal bekom. Dit sal goed wees as jy hierdie gebed jou eie maak vir die nuwe jaar wat voor jou lê. Ek deel die gebed van Jaco Thom met jou vir die nuwe jaar.

*Here ons God*
*Hier aan die begin van die nuwe jaar wil ons geborgenheid en troos by U kom soek.*
*Daar is so baie dinge wat ons nie weet nie,*
*so baie dinge wat vir ons nuut sal wees in die nuwe jaar,*
*dinge wat op ons wag.*
*Dankie dat Ú weet wat dit is, Here.*
*Dankie dat U voor ons uitgaan, en agter ons aankom.*
*Dankie dat u liefde en trou ons omring,*
*dat U ons bewaar,*
*dat ons skuiling by U kan vind,*
*troos daarin kan vind dat U die Almagtige is,*
*dat U van ewigheid tot ewigheid God is.*
*Dankie dat U vanjaar opnuut weer u ewige arms oopmaak om ons te versorg.*
*Dankie dat ons rus kan vind by u altare, Here van die Leërskare.*
*Wil U ons dan in hierdie jaar toevou in u liefde,*
*ons geloof versterk deur u Gees en*
*ons hoop gee deur u Woord.*
*Amen.*

# Ons leef mee in Stellenberg-gemeente

Deur: Ds. Marius Breytenbach



**Ons gemeente se karakter en identiteit is oor die afgelope 52 jaar deur gelowiges se roeping, gawes, talente en toewyding gevorm. Soos wat mense in die omstandighede van ons land en onmiddellike omgewing meegeleef het, so het die gemeente spontaan in 'n unieke rigting gegroei.**

Oor etlike jare het dit mense die ruimte gebied om kinders groot te maak, geestelik te groei, vriendskappe te smee en in mekaar se lief en leed te deel en daardeur te ervaar hoe God ons vorm om met betekenis in hierdie wêreld te leef. Vanuit hierdie spontaneïteit het Stellenberg-gemeente se visie en missie oor die jare heen gestalte gevind: Jesus ons Verlosser leef! en Stellenberg reik uit oor alle grense heen. Hierdie uitreik geskied na binne en buite. Na binne fokus ons om lidmate nader aan God en mekaar te begelei. Hier vanuit spruit ons roeping om onsself oop te stel sodat ons voortdurend deur God vernuwe kan word en dan met 'n verskil in die wêreld te leef. Op hierdie manier het Stellenberg-gemeente oor die afgelope 52 jaar gegroei tot 'n makrogemeente waar 'n diversiteit van mense tuiskom en waaruit 'n verskeidenheid van bedienings voortvloei.

Dit alles word moontlik gemaak deur lidmate se maandelikse dankofferbydraes, tiendemaanddankoffers, asook die opneem van weeklikse bankkollektes. In die ou dae het hierdie inkomstes al ons uitgawes gedek. Vandag is ons, soos die meeste ander kerkdenominasies, afhanklik om 'n groot deel van ons inkomste aan te vul deur inisiatiewe soos die feesmark, asook die verhuring van lokale, selfoontorings en die koffiewinkelperseel.

Hierdie dienste dra by tot die gemeente se inklusiewe karakter en die diens wat ons in die groter gemeenskap lewer. Dit is alles slegs moontlik omdat lidmate in ons gemeente meeleef.

Daarom is ons opreg dankbaar vir elke lidmaat wat met oortuiging hulle tyd, gawes, en finansiële bydraes met ons gemeente deel. Ons ingesteldheid was oor die jare heen om nie lidmate elke Sondag bewus te maak dat ons van finansiële bydraes afhanklik is nie.

Vervolg op bladsy 4 . . .

Ons leef uit die oortuiging dat dit iets is wat weekliks spontaan moet voortvloei uit die aard van lidmate se dankbaarheid en die vrug van die gemeente se werksaamhede. Tog is dit ook nodig om effektief en openlik oor die gemeente se finansies met lidmate te kommunikeer. Ons doelwit is om 'n derde van ons inkomste na buite die gemeente se grense te kanaliseer na plekke van nood en waar bestaande bedienings ondersteun word. Die res word na binne die gemeente aangewend om 'n ruimte te skep waar lidmate geestelik kan groei en ondersteun kan word om daagliks met 'n verskil in die wêreld te leef.

Oorweeg dus om gereeld op die volgende wyses tot ons gemeente se funksionering by te dra:

- Weeklikse bankkollektes (die deurkollektes gaan elke week vir 'n spesifieke diensorganisasie).
- Maandelikse dankofferbydraes – dit is ons hoofbron van inkomste. Lidmate kan per debietorder, elektroniese inbetaling, of kontant 'n bydrae maak. Oorweeg asseblief om jou debietorder jaarliks aan te pas.

Ons versoek lidmate om jaarliks in die laaste drie maande van die jaar 'n eenmalige bykomende bydrae te oorweeg. Dankie vir elkeen in ons gemeente wat meelewing toon.

# Dis nou diensbaarheid



Maggie Rabie, foto links, is sedert Julie 1984 'n bekende en meelewende lidmaat van die gemeente. Tydens die feesmarktyd bied dié oudonderwyseres ook haar hulp as vrywilliger by die mark aan deur daagliks 'n tweeuur-lange diensbeurt by die feesmark te doen.

Karen Visagie, feesmarkorganiseerder, vertel dat Maggie daagliks vir diens aanmeld en dan meestal in die kleinsaal, tussen die kositems, behulpsaam is met die uitpak van voorraad. "Sy is getrou, elke dag, op haar pos en altyd bereid om te help," sê Karen. "Sy het op 81-jarige ouderdom 12 ure vrywillige diens by die feesmark gedoen."



Marlien Henrico, 25 jaar oud, en 'n voltydse binnenshuisversierder, het in Septembermaand die groot taak op hande geneem om die kerk se vaal en vervelige moederskamer op te vrolik. Marlien het dié pragtige muurskildery wat nou in die moederskamer pryk, smiddae na werk op die moederskamer se muur aangebring en is tans nog besig om die babakamer waar ouers doeke kan omruil, ook met haar verfkwas by te dam. Dié talentvolle meisie het in Secunda grootgeword en het ongeveer sewe jaar gelede saam met haar ouers na Durbanville verhuis. Sy spandeer elke middag twee ure na werk aan die muurskilderye en is ook lid van die gemeente se selgroep vir jong volwassenes.

*Maggie en Marlien, julle twee is voorwaar 'n inspirasie en 'n aanwins vir Stellenberg-gemeente. Red.*

# Maria, dogter van Evert sal jou mond laat water

**Op Maandag 15 Januarie 2024 open Willi en Ronèl Botha 'n splinternuwe restaurant Maria, dogter van Evert se deure op die kerkterrein. Tydens die feesmark het hulle 'n opskiet-koffiewinkel op dieselfde perseel bedryf.**

Stellenberger het by Willi en Ronèl gaan inloer in hulle pragtige restaurant, Evert Opstal-restaurant, om te hoor wat hulle in die mou voer met die nuwe restaurant hier in ons midde. Tussen die reuk van vars gebak, die pragtige skilderye teen die mure en 'n atmosfeer wat bruis met mense en lekkernye, het Willi en Ronèl vertel dat die naam van die nuwe restaurant Maria, dogter van Evert gewortel lê in hulle voorliefde vir familiestories. "Elke persoon het 'n familiestorie en 'n mens se unieke familiestorie speel tog 'n belangrike rol in jou vorming as mens," sê Ronèl. "Dit is ook hoekom ons op die naam Maria vir die nuwe restaurant besluit het. Maria, of Swarte Maria, soos sy in die 1600's en 1700's bekend gestaan het, was die dogter van Evert, wat in die opstal, waaruit ons nou ons restaurant bedryf, gewoon het."

Willi vertel dat Evert 'n slaaf van Jan van Riebeeck was. "Met Van Riebeeck se vertrek uit die Kaap het hy Evert vrygekoop en aan hom 'n bedrag geld voorsien waarmee Evert toe sy vrou, Anna en twee dogters ook vrygekoop het. Evert het aanvanklik in die omgewing van die tuinhuis in Kaapstad groente, waarmee hy handel gedryf het, verbou. Hy was 'n goeie besigheidsman en nadat hy genoeg welwaart opgebou het, het hy sy boedery na ander gebiede uitgebrei en het hy onder andere in die Evert Opstal ook gewoon.



"Ek twyfel of Maria ooit saam met haar pa in hierdie area gewoon het, maar dit is nie vir my so belangrik nie," sê Willi. "Maria het by haar pa geleer hoe om handel te dryf en transaksies te beklink en sy het haarself tot 'n suksesvolle en baie welgestelde besigheidsvrou en 'n gesiene boer opgewerk. Sy het onder andere plase soos Mosselbank in Klipheuwel en Klawervlei in Darling besit, asook uiteindelik die hele Kampsbaai. Haar verhouding met haar pa is vir my die kern van haar verbintenis met die Evert Opstal en ook ons omgewing."

# Vier Stellenbergers wys hul staal in nasionale Bybelvasvrakompetisie




**Ons is baie trots op die vier Stellenbergers, van links op die foto, Ané Bowman, Mieke Fourie, Tian Serfontein en Emma Kriek, almal graad 6-leerders van Laerskool Eversdal, wat tot die finale rondte van die Bybelvasvrakompetisie deurgedring het. Die Rapportryerbeweging bied jaarliks dié landwye Bybelvasvrakompetisie aan.**

Die vier Bybelkenners is weekliks deur Rona Serfontein (Tian Serfontein se ouma) en Aneleh Bowman voorberei om die afdelings van die Bybel waaroor hulle getoets is, onder die knie te kry. Die skrifgedeeltes wat dié jaar onder die soeklig gekom het, was Filippense 1 tot 4, Deuteronomium 1 tot 4 en Matteus 1:18 tot Matteus 14. Hulle het hul voorbereiding uit die Afrikaanse 1983-vertaling – met herformulering – gedoen.

Die eerste rondte van die kompetisie is op 21 Augustus aangepak, waar die spannetjie Stellenbergers 'n eerste plek provinsiaal en tweede plek nasionaal verower het. In Oktober het die span deelgeneem aan die eindrondte van die kompetisie wat by die ATKV-oord te Klein Kariba in Bela-Bela aangebied is en hulle het op nasionale vlak 'n trotse vierde plek behaal.

Ds. Schoombie het as toesighouer by die eerste rondte van die kompetisie opgetree en opgemerk dat die vrae moeiliker was as wat hy verwag het en dat 'n mens die kompetisie glad nie moet onderskat nie. Baie geluk aan die vier Bybelkenners. Die voorbereiding was harde werk, maar hulle toewyding het vrugte afgewerp.

# Lida se bonsais verfraai die kapeldiens





**Wanneer 'n mens voor Lida Weich se huis stop, hoef jy nie te wonder wat haar stokperdjie is nie, want haar hele tuin staan stampvol eksotiese bonsaibome. Sommige, soos 'n olyfboom en 'n kiepersol, se stamme is so dik hulle spog met 'n deursnee van meer as 20 cm.**

Lida is al meer as 40 jaar lidmaat van die gemeente en het ongeveer 30 jaar gelede haar hand aan die kweek van bonsaiboompies gewaag. Die bonsai-gogga het haar gebyt toe haar seun met 'n bonsai, 'n witstinkhoutboom, by die huis aangekom het. Hy was toe 'n student en baie uithuisig en sy het opgelet dat die boompie verwaarloos begin lyk. Lida het toe ingespring en die versorging van die witstinkhout oorgeneem en sedertdien het sy al meer as 100 bome in bonsais omskep.

"Ek geniet die meditatiewe diens wat in die kapel aangebied word en woon dit elke Sondag by," sê Lida. "Ek het opgemerk dat Philipp daarvan hou om 'n plant of 'n groenigheid in die kapel te plaas tydens Sondae se meditatiewe dienste en het toe met hom gesels en aangebied om elke Sondag 'n bonsaiboompie te bring wat hy in die kapel kan uitstal. Hy werk voltyds, het 'n gesin en doen ten spyte daarvan soveel moeite met die aanbieding van die meditatiewe dienste. Ek hoop dat ek op dié manier sy taaklas 'n bietjie kan verlig.

"Ek gee die bonsais twee keer per dag water deur middel van besproeiing, omdat hulle in vlak bakke met min grond groei en ek snoei hulle amper daagliks deur puntjies af te knip wat nuwe groei aanmoedig en die vorm van die boom manipuleer.

"Almal was baie opgewonde oor die asaleaboom wat ek in September na die kapeldiens gebring het. Die asaleas is pragtig in die lente en die lente is ook die seisoen wanneer die bonsais aan my die grootste vreugde verskaf. Wanneer nuwe blare spruit of blomme oopvou, beleef ek die Skepper se teenwoordigheid eerstehands in my tuin.

"As lidmaat van die gemeente het ek en my oorlede man 'n jarelange verbintenis met ds. Callie Visagie, wat ons so goed ondersteun het toe my man vir 'n hele klompie jare 'n stryd met kanker gevoer het, gehad. Hier waar ek nou in Oude Westhof-aftreeoord woon, is die meeste mense lidmate van Welgemoed-gemeente, maar ek bly 'n Stellenberger."

*Dit was 'n voorreg om by jou in te loer, Lida en te gesels oor jou liefde vir die natuur en ook ons gemeente. Jou betrokkenheid is vir ons kosbaar. Red.*

*Die meditatiewe diens word tydens skoolkwartale om 09:00 in die kapel aangebied. Die diens word deur ds. Phlipp Dietmann behartig en word in 'n meditatiewe styl met musiek, gebed en geleentheid tot nadenke aangebied.*

# Feesmark: Ontmoet van ons uitstallers



Leza Coetzee het 16 jaar gelede haar hand aan die maak van kaartjies gewaag en sedertdien nog nooit teruggekyk nie. Dié tydverdryf is uit nood gebore toe sy haar ma, wat van ’n staatspensioen afhanklik was, finansieel moes ondersteun.

“Ek het in daardie stadium by PwC gewerk, waar ek hulle opleiding behartig het. Ek het iets gesoek waarmee ek na-ure ’n ekstra inkomste kon verdien, wat my in staat sou stel om my ma finansieel by te staan. Ek het toe eers spysenering probeer, maar dit was nie so suksesvol nie. Toe begin ek kaartjies maak wat ek op markte verkoop. My vriende het in daardie stadium vir my gesê dat mense die kaartjies net die eerste jaar sal koop en daarna gaan die koopgier taan, maar hier is ek steeds – 16 jaar later en die kaartjies verkoop steeds.

“Elke kaartjie word met die hand gemaak en ek het een Saterdag ’n rekordgetal van 500 kaartjies die dag verkoop. Toe moes ek darem vinnig inspring om nog voorraad te maak.

“Die mark het ’n wonderlike atmosfeer en dit is jaarliks vir my ’n groot voorreg om by Stellenberg se feesmark ’n uitstaller te wees. Ek maak my reg om nog vir baie jare kaartjies te maak en by die mark te verkoop.”



Liezl van Coller het vanjaar vir die eerste keer haar kunswerke by die feesmark uitgestal. Sy is sedert 2017 voltyds ’n kunstenaar en bedryf daarmee saam ook ’n ramery by haar kunsateljee. Voor dit het sy ongeveer 10 jaar in die modebedryf gewerk en ook haar hand aan binnenshuisversiering gewaag.

Haar skilderye is meestal abstrak, maar sy sê dat sy ook ook blomme en landskappe skilder. Sy vertel dat sy dikwels vir hotelle en gastehuise skilderye skilder, volgens riglyne wat hulle aan haar gee rakende hulle voorkeur vir kleurskemas en style.

Vervolg op bladsy 9 . . .

Tog bly elke skildery 'n kreatiewe proses wat eers in haar innerlike vastrapplek moet kry alvorens sy haar hand aan die kwas kan slaan. Sy vernuwe ook dikwels bestaande skilderye sodat dit by 'n nuwe kleurskema of verandering in dekorstyl van 'n vertrek kan aanpas. Dan hoef gastehuiseienaars, of binnenshuisversierders nie nuwe skilderye aan te koop, of nuwe hangplek aan mure te prakseer nie – ons werk dan met die bestaande skilderdoeke en gee dit 'n splinternuwe voorkoms.

"Tydens die Covid-19-pandemie het die aard van die bedryf baie verander. Bestellings vir skilderye het minder geraak, of die galerye waar ek my werk vertoon het, moes noodgedwonge sluit," sê Liezl. "Ek het nog nooit my skilderye op 'n mark probeer verkoop nie en het glad nie geweet wat om van 'n mark te verwag nie, maar ek het besef ek moet iets doen met al die skilderye wat ek het. Dit sluit voorbeelde van wat ek al geskilder het in, of skilderye wat ek uit galerye moes verwyder en toe het ek gedink ek gaan dit waag om by die feesmark aansoek te doen.

"Ek is verstom oor die reaksie wat ek ontvang het en ook hoe goed die skilderye verkoop het. Ek sal my skilderye volgende jaar graag weer by die feesmark uitstal en het nou 'n baie beter idee hoe om dit te vertoon. Dit was die beste besluit wat ek kon neem om vanjaar by Stellenberg se feesmark aansoek te doen en ek is baie dankbaar teenoor die Here vir die seën wat ek by die mark ontvang het."

Enesia Manjonjo verkoop handgemaakte mandjies in verskillende ontwerpe, groottes en style. Sy is 'n Zimbabwiër wat tydelik in Suid-Afrika woon en elke drie maande na haar tuisland terugkeer.

Die mandjies wat sy verkoop word van 'n tipe bamboesplant, wat inheems aan Zimbabwe is, gemaak. Haar hele familie, altesaam 12 mense, is deel van die mandjiebesigheid. Hulle vleg sedert



2005 die mandjies met die hand en vervoer dit dan per bus of trok na Suid-Afrika waar hulle verskillende afsetpunte vir die produkte het.

Enesia stal vanjaar vir die eerste keer haar mandjieware by die feesmark uit en sy sê sy is baie tevrede met die verkope. Sy is deur die loop van die jaar weekliks 'n uitstaller by die Milnerton-vlooimark en ook by die Canalwalk en Somerset-winkelsentrums.

# Outeniekwa-pelgrimstog – stap nader aan God en nader aan mekaar

" Gelukkig is mense wie se krag in U lê! Die pelgrimstogte leef in hulle gedagtes" ~ Psalm 84:6





Ons hele lewe is 'n reis saam met God, nader aan God. In enige verhouding gebeur dit so maklik dat ons verby mekaar begin leef – wanneer die lewe te besig raak, of wanneer ons in gewoonte verval en amper op "autopilot" begin leef. Ons besef dan dat ons die roetine moet breek en weer doelbewus nader aan mekaar moet beweeg. Dieselfde is waar vir ons verhouding met God. Soms is dit nodig om ons af te sonder en intensioneel weer nader aan God te beweeg. Psalm 84 sê dit so mooi: Pelgrimstogte leef in die gedagtes van dié wie se krag in God lê. 'n Pelgrimstog is juis dit – 'n intensionele reis (saam met ander) wat jou nader aan God (en nader aan mekaar) bring. Selfs Jesus het somtyds, saam met sy dissipels, teen 'n berg opgeklim om in afsondering tyd met God deur te bring.

Tydens die Oktobervakansie het 'n groep stappers van Stellenberg-gemeente en die Klipheuwel-gemeenskap saam 'n pelgrimstog in die Outeniekwaberge aangepak. Vir drie dae en vier nagte het hierdie twee gemeenskappe saam gereis – nader aan God. Hierdie reis het ons ook nader aan mekaar gebring.

Vir die meeste van die groep, was dit die eerste keer dat hulle só staptog aangedurf het. Dit was nie 'n maklike stapervaring nie: 'n klomp uitdagings, seer bene en moeë lywe, koue storte en ure se stap in die reën. 'n Ander groep wat 'n dag vroeër begin het, moes selfs terugdraai omdat die pad te moeilik geraak het. Maar pelgrimstogte is nie veronderstel om maklik te wees nie. En dit is juis hierdie uitdagings wat hierdie twee verskillende gemeenskappe nader aan mekaar gebring het en ons almal weer ons afhanklikheid van God laat besef het.

Vervolg op bladsy 11 . . .

Een van die stappers van Klipheuwel, Thuto, getuig op ’n besonderse manier hiervan in ’n boodskap aan die groep na die staptog:

“Guys what I want to share is Jesus made a way to change me that week. He turned fear into faith, hate into love, poverty into plenty, darkness into light, suffering into healing. Our God I thank you. Honestly it was my first time to see the Beautiful Nature so also thank you for all of this His Name is the Highest!”

’n Ander stapper van Stellenberg, Angelique, sou op dag twee van die pelgrimstog opmerk:

“Ek sou hierdie nooit uit my eie uit doen nie. Ek beleef nog altyd die Here in die natuur en is so dankbaar dat ons hierdie geleentheid gekry het. Wat dit vir my nog meer spesiaal maak, is dat ons dit saam met mense uit ’n ander gemeenskap kan doen. Dit is vir my so lekker om meer van ander kulture te leer en nuwe mense te ontmoet en saam met mense wat anders as ek is te stap. Ek dink dit is so nodig in Suid-Afrika en dit maak my bubble soveel groter.”

Een van Stellenberg-gemeente se medewerkers, wat in Klipheuwel met die jeug werk, het ook na die tyd opgemerk:

“The hike, for me, was great time with God. Got to know people better as we walked. We do have weakness and strength, in me and you. But when we are together we strengthen each other as ONE as we TEAM up with JESUS, GOD FATHER, HOLY SPIRIT .

I also learnt we hear God better when we walk in nature and time to listen and watch and look around at what God is doing in nature - peace, calmness, his love and grace and to be alive is greatest gift that we often don't take time to talk about.

Thanks to Stellenberg Church for Organizing and sponsorship towards this hike.”

Daar is so baie dinge wat gemeenskappe uitmekaar hou in ons land, wat veroorsaak dat ons verby mekaar leef en verby God leef. Hierdie pelgrimstog was ’n oomblik van hoop vir eenheid in ons land. Ons hoop om meer sulke geleenthede te skep waar Stellenberg en Klipheuwel saam kan beweeg: nader aan God, nader aan mekaar, saam ’n verskil kan maak en saam vernuwe kan word.

Na hierdie staptog, leef die pelgrimstogte ook in ons gedagtes.

**Stellenberger**

**Samesteller:** Sanèl Joubert **Taalversorging:** Annemarie Spies

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal www.stellenberg.co.za

# Graad 7's vier 'n belangrike roetemerker op hul geloofsreis

Deur: Ds. Marius Schoombie



Die lewe is 'n reis saam met God. By Stellenberg-gemeente glo ons dat die Here met ons kinders 'n pad stap van vóór die doop, tot ná belydenis (en die res van hul lewens). Op hierdie reis is daar belangrike roetemerkers op hul pad. Die bekende skrywer, Terry Pratchett, som die belangrikheid hiervan uitstekend op:

"If you do not know where you come from, then you don't know where you are, and if you don't know where you are, then you don't know where you're going. And if you don't know where you're going, you're probably going wrong."

Roetemerkers help ons om te sien waar ons vandaan kom en waar ons tans is (oriëntasie), dit help ons om te sien van watter storie ons deel is en wie saam met ons stap (identifisering) en dit gee ons geleentheid om iets van ons reis te erken en bevestig (bely). Die Doop en Belydenis van geloof is voorbeelde van twee belangrike roetemerkers op ons geloofsreis.

Daar is egter ook ander belangrike roetemerkers op ons pad. In die NG Kerk is daar 'n al hoe groter bewuswording dat die oorgang van kind na tiener só 'n roetemerker is wat gevier moet word. En terwyl die Algemene Sinode nog besig was om te vergader oor die instelling van hierdie en ander roetemerkers in die NG Kerk, het Stellenberg-gemeente dit al prakties uitgeleef.

Op 15 Oktober, op die eerste gesamentlike oggenddiens van die kwartaal, is ons graad 7's en ouers genooi vir 'n spesiale diens, waar die eerste deel van die graad 7-roetemerker gevier is. Dit was 'n geleentheid waar die graad 7's hul doop kon vier deur 'n klippie uit die doopbak te haal as teken dat hulle vashou aan hul doop en waar die ouers en die res van die gemeente spesiaal vir die graad 7's kon bid en ondersteun op hul geloofsreis.

Die graad 7's en hul ouers is ook genooi na die aanddiens, waar die graad 7's weer hul klippie terug in die doopbak gesit het as belydenis dat hulle vir God vertrou met hul geloofsreis vorentoe. Dit was ook dan die begin van hul reis as deel van Stellenberg se senior kategese, wat voortvloei vanuit die aanddiens.

Dit was 'n geleentheid wat almal wat daaraan deelgeneem het, verryk het! Dit was in besonder spesiaal vir die graad 7's en hul ouers, maar ook vir die hele gemeente. 'n Klomp gemeentelede sou na die tyd getuig hoe hulle met trane in hul oë gesit het om te sien hoe ouers hul hande op hul kinders se skouers sit en hul seën vir hul pad vorentoe. Dit is een van die kosbare eienskappe van roetemerkers – wanneer ander die geleentheid kry om 'n roetemerker in die gemeente te vier, versterk dit ons eie geloof en help dit ons om weer self te oriënteer, daarmee te identifiseer asook iets van ons eie geloofsreis te bely.

Ons is dankbaar vir die Here se genade wat ons graad 7's op hul geloofsreis begelei!

# Kersgroete van ons leraars

**Ds. Marius Breytenbach**



**My gunsteling Kersfees-herinnering**

Om die seën te beleef van Oukersaand en Kersdag saam met familie, is een van die Kersfees-herinneringe wat altyd by my opkom. Al is ons kinders vandag jong volwassenes, leef die tradisie van Kersvader steeds voort, maar in die plek van die oupas verskyn my dogter deesdae tot groot vermaak van almal.

**My ideale Kersfeesspyskaart**

Op die Kerstafel moet daar *trifle* met regtig baie room wees. En dan is daardie *trifle* so drie dae na Kersfees op sy lekkerste wanneer die room soos 'n gletser wat opgebreek het en in 'n see van jellie ronddryf.

**My boodskap vir hierdie Kersfees**

Kersfees is 'n herinnering daaraan dat elke dag 'n fees is. Moet dit nie misloop nie!

**Ds. Philipp Dietmann**



**My gunsteling Kersfees-herinnering**

My duidelikste Kersfees-herinnering is die kuiers by my ouma op Stellenbosch. Vir ons nefies en niggies wat van Johannesburg af gekom het, was die laat sonsondergang in die Kaap deel van die wonder van Kerstyd. Laataand speel in die park, optel van dennebolle wat aan die Kersboom gehang moet word en die aarbeie van Mooiberge-padstal wat ons self pluk en dan saam met vanieljeroomys eet – dit is alles deel van my herinneringe. Ouma het moeite gedoen om op Kersdag dan haar mooiste porseleinbakke uit te haal. Ek kry nou nog terugflitse van daardie dae elke keer as ek 'n mooi bak sien.

**My ideale Kersfeesspyskaart**

My gunsteling-Kersete moet 'n plakkie *gammon* en lamsboud insluit, afgerond met en 'n lekker nagereg, maar Kersfees is ook vir my sinoniem met 'n gebraaide aartappel.

**My boodskap vir hierdie Kersfees**

My wens vir volgende jaar is dat ons almal meer tyd sal maak om ons vriende en familie te waardeer en die samesyn te geniet. Die afgelope jaar het bewys dat dinge so vinnig kan verander, so, mag ons die mense in ons lewe nadertrek en die saamwees vier.

Vervolg op bladsy 14 . . .

**Ds. René Potgieter**




**My gunsteling Kersfees-herinnering**

Ek was een van vier kinders en een Kersfees het ons besluit om die Kersverhaal vir die res van die familie op te voer. Ons het 'n week lank geoefen om dit op Oukersaand op te voer. Ons het ook lekker gelag, want met net vier "akteurs" moes ons vinnig van rolle kon verwissel. Maar dit sal my altyd bybly.

**My ideale Kersfeesspyskaart**

Op Kersdag is ek altyd diep bewus van mense wat min het om te eet. Dus probeer ek altyd om die Kersete eenvoudig, maar tog lekker te maak. Omdat ek van die Karoo af kom, waar dit altyd Desembers verskriklik warm is, het ons altyd kouevleis en slaai geëet, maar die hoogtepunt vir my bly 'n heerlike *trifle.*

**My boodskap vir hierdie Kersfees**

Tydens Jesus se geboorte 'n paar duisend jaar gelede het God vir ons in dade kom wys hoe lief Hy ons het. Die Nobelprysskrywer, John Steinbeck, het op verskeie plekke geskryf dat liefde sonder dade is soos wolke sonder reën. God het nie net gepráát oor sy liefde nie. Hy het dit ook duidelik vir ons kom wys. Kersfees bewys dat God se liefde eg is en dit bied aan ons 'n kykie in God se hart. Daarom sê Joh. 3:16 dat God die wêreld oneindig lief gehad het en sy liefde word op dié wyse duidelik deur Jesus geopenbaar.

Ons weet dat alles wat God deur middel van sy gestuurde Seun doen, voortvoei uit sy liefde vir die wêreld. Hierdie liefde is nie 'n oppervlakkige, gevoelsmatige ervaring nie, maar 'n selfverloënende, selfvernederende en opofferende liefde soos geopenbaar in die koms van Jesus. Sy liefde vir elke mens word duidelik hierdeur bewys. God se liefde sluit geen mens uit nie. Martin Luther het eenkeer gesê: "As God die wêreld lief gehad het, moet Hy mos ook vir Martin Luther lief wees, want Martin Luther is deel van die wêreld." So kan ons elkeen ons name daar invoeg. God het vir my lief. Elke Kersfees kom sê God dit weer opnuut vir ons. Mag jy hierdie Kersfees besef hoe oneindig lief God jou het. Mag Kersfees 2023 vir jou en jou gesin 'n geseënde tyd wees.



**Ds. Marius Schoombie**

**My gunsteling Kersfees-herinnering**

Toe ek op laerskool was, het ek die voorreg gehad om naby my oupa en ouma te bly.  Elke jaar, op Oukersaand, sou ons gesin by hulle gaan eet.

Vervolg op bladsy 15 . . .

Ek en my broers sou 'n klein geskenkie kry en een of ander vorm van sjokolade (gewoonlik Astro's). Ek kan nie enige van die geskenke onthou nie, maar Astro's het nou nog 'n spesiale plek in my hart.

Na ete (en die *trifle* wat my Ouma vir poeding gemaak het en waarvoor my Oupa baie lief was), sou ons by die Kersboom gaan sit en my oupa sou die storie van Kersfees vir ons lees, of vertel. My oupa was 'n dominee voor hy afgetree het. Ek het hom net as Oupa geken, nie as "Dominee" nie, maar ek onthou hoe belangrik die storie van Kersfees vir hom was. Ek verbeel my dat ek as klein laaitie daardie tyd soms bietjie omgewens het, omdat ek eerder wou Astro's eet en in die kamer langsaan met die Clavinova-klavier wou gaan speel. Maar as ek terugdink, is daardie tyd om die Kersboom en my oupa wat die storie van Kersfees vertel, kosbaar.

**My ideale Kersfeesspyskaart**

Eerstens is my ideale Kersfeesete 'n ete saam met ander, so ek verbeel my 'n klomp disse om lekker met ander mense te deel. So, om mee te begin, terwyl almal saamkuier – 'n ligte kaasbord met vars vrugte, varsgebakte brood en konfyt. Daarna my ma se skaapboud (dit smaak net nie dieselfde as sy dit nie maak nie) met oondgroente, wortelslaai en 'n goeie bottel rooiwyn. Vir poeding soek ek enige iets behalwe *trifle*. Daardie liefde het ek nie by my oupa geërf nie.

**My boodskap vir hierdie Kersfees**

Hierdie sê ek dalk meer vir myself as vir ander: Vier fees, wees opgewonde en bly oor die hoop wat in Jesus gebore is met Kersfees. Steek Kersliggies aan en versier die donkerte met lig! Verander die donker dele van die wêreld in iets moois. Laat toe dat die vreugde en hoop van Kersfees jou verander, sodat jy met hoop, vreugde, vrede en liefde kan leef in 2024. Daar is genoeg redes om hoop-loos te voel. Kersfees herinner my dat God nuwe lewe en nuwe hoop bring te midde van 'n morsige wêreld. Mag ons vashou aan die hoop wat ons in Hom het en gaan leef as mense wat hoop het.

**Ds. Johan Visser**



**My gunsteling Kersfees-herinnering**

Van my mooiste herinneringe aan Kersfees is die tye wat ons saam met verskeie families – ooms, tannies, neefs en niggies – deurgebring het. Ons almal saam by my ouma se huis. Gewoonlik was die eetkamer vol grootmense wat aan tafel gesit het en in die kombuis het die kinders gesit en die Kersete om die kombuistafel geniet. Twee tafels, omrede ons so baie was, maar een familie in Christus. Op Oukersaand sou ons almal laataand al ons geskenke onder 'n regte Kersfeesboom oopmaak.

Vervolg op bladsy 16 . . .

**My ideale Kersfeesspyskaart**

Die lekkerste van die Kersete was natuurlik die klomp opsies waaruit ’n mens kon kies, maar my gunsteling was die *trifle* en dan die tradisionele middagslapie as die laaste kersie op die koek.

**My boodskap vir hierdie Kersfees**

Kersfees is iets wat ons as gelowiges dwarsoor die wêreld vier. Die geboorte van ons Here. Die koms van die Messias. En ons ken tog almal die storie. Maar my gebed is dat jy opnuut sal ontdek wat Kersfees vir JOU beteken. Want ons het ook almal stories. En êrens hoop ek dat jou storie en die storie van die Seun van Nasaret by mekaar gaan uitkom. En dat hierdie verhaal weer op ’n nuwe manier vir jou gaan sin maak. Geniet hierdie Immanueltyd saam met jou geliefdes. God by ons . . . gemeente, genade en vrede vir julle!

# Ons groet vir Charlotte Schoeman




Ons gaan voortaan die vriendelike glimlag van Charlotte Schoeman by die kerkkantoor se ontvangs mis. Charlotte wat sedert November 2022 by die kerkkantoor werksaam is, was verantwoordelik vir ontvangs, die koördinering van VatVyf-funksies, die verhuring van lokale, die verkoop van die nissies asook die administratiewe take van die Stellenberg terapiesentrum.

Kollegas het Charlotte as ’n raakvatter en hulpvaardige medewerker beleef. Met haar vriendelike persoonlikheid en bereidwilligheid om oral te help was sy ’n groot aanwins vir die kantoor.

Sy verlaat ons diens teen die einde van Desember en ons wens haar alle voorspoed met haar nuwe loopbaan toe.

# Konflik tussen Israel en die Palestyne. Watter kant kies jy?

Deur: Ds. Marius Breytenbach




Die voortslepende konfliksituasie tussen Israel en Hamas het wêreldwyd uiteenlopende emosies en reaksies by mense ontlok. Mense is hartseer, kwaad, ontnugter en moedeloos oor 'n situasie wat geen einde ken nie en waarin vergelding hoogty vier. Van regeringsvlak tot by braaivleisvure word oor en weer politieke en godsdienstige debatte gevoer waarin mense opponerende standpunte inneem. Let op hoe in die meeste gevalle sulke gesprekke in 'n dooie frustrasie uitloop omdat niemand sy/haar oortuigings wil bes gee nie. Is dit dan hoe dit is? Dat ons met geen ander opsie gelaat word as om vir of teen 'n kant te kies nie. Die humanitêre krisis wat as gevolg van die konflik ontstaan het, verg egter 'n heeltemal ander gesindheid en respons van ons.

Wanneer Christene van ons land Israel besoek, doen hulle dit meestal in die verwagting om te kan loop waar Jesus en ander Bybelse karakters geloop het. Mense kom terug en getuig van wonderlike geestelike belewenisse. Vir toeriste is die mediabeelde wat die afgelope maand vanuit Israel en Palestynse gebiede uitgesaai is, onbekend. Die beelde skets 'n ander prentjie as foto's wat jy in toeralbums sien en dring ons in die lig van ons geloof tot 'n diepliggende besinning. Wanneer 'n mens tyd inruim om op jou besoek aan Israel met die plaaslike Joodse en Palestynse bevolking te praat en wyer te kyk as net die bekende Bybelse toeristeattraksies, gebeur daar skielik iets onverwags met jou. Eerder as net 'n heilige plek, bring dit jou by 'n heilige oomblik uit om verby die "oog vir oog en tand vir tand"-politiek van die Hamas-beweging en Netanyahu se regerende party, waarin Jode en Palestyne tans vasgevang voel, te kyk. Die realiteite in hierdie konflik is kompleks en 'n mens moet waak om nie alle Jode en Palestyne te meet aan die invloed van bogenoemde partye nie.

Dié konflik wat die afgelope eeu begin broei het, toon soveel noue assosiasies met gebeure in ons eie land voor 1994 toe bevolkingsgroepe vir 'n eie bestaansreg in 'n stryd met mekaar gewikkel was en landsburgers onder die trauma van terreur moes leef. 'n Mens wonder hoe die voorgestelde tweestaat-oplossing vir Israel en Palestina in ons eie land sou gelyk het as 'n kompromie? 'n Eie staat vir elke bevolkingsgroep om hulle eie ding te doen met mure wat hulle omring en reëls wat toegang beheer. In Suid-Afrika het ons 'n eenstaat-oplossing gekies. Nie vir of teen 'n bevolkingsgroep nie, maar uit die oortuiging dat dié land 'n tuiste vir almal kan wees. Dié keuse is steeds beslis nie sonder groeipyne nie, maar 'n mens is dankbaar dat dit nie geëskaleer het tot die voortslepende situasie in Israel en Palestina nie. In Levitikus 25:23 beveel God dat geen grond permanent verkoop mag word nie, omdat dit aan Hom behoort en mense slegs net vreemdelinge en bywoners by God is. Hierdie beginsels, wat in beide die godsdienstige geskrifte van Jode en Moslems voorkom, bepleit by hul volgelinge om eerder te saai as te maai. Dit laat 'n mens diep nadink oor die keuses waarby konfliksituasies ons uitbring. Hoe gaan ons reageer?

# Wie is jy?

Deur: Rudolph van Schoor

**Is jy 'n gedrewe persoon tussen die ouderdom van 29-35? Het jy reeds 'n groot deel van jou loopbaandoelwitte bereik en word jy beskou as 'n toppresteerder in die korporatiewe maatskappy waar jy werk? Midde-in jou suksesvolle loopbaan en lewenstyl, ervaar jy dalk 'n paar uitdagings in die huidige lewensfase waarin jy jou bevind.**



Hierdie jaar het baie jong volwassenes met hierdie profiel my genader om my as 'n klankbord vir die volgende vrae te gebruik:

Ek het het die kwalifikasie wat my ouers en onderwysers wou hê ek moes behaal, verwerf en my loopbaan tot op bestuursvlak ontwikkel. Wat nou? Ek is nie gelukkig nie.

Ek is nou gereed om 'n huis te koop, maar ek weet nie of dit die regte besluit in die huidige ekonomiese omstandighede is nie.

Dit lyk na 'n groot risiko om met 'n gesin te begin.

Ons is twee jaar getroud en ek is bekommerd dat ek die fout van my lewe gemaak het. Het ek reg gekies? Hoe weet ek?

Ek is 31 jaar oud en is nog enkellopend. Is daar iets fout met my? Hoe hanteer ek die nuwe digitale wêreld van aanlyn romanse (dating)?

Ek is baie tevrede met my loopbaankeuse en my kwalifikasies. Hoe kan ek na die volgende posvlak in my beroep beweeg? Moet ek 'n nuwe maatskappy soek om voor te werk?

My werksomgewing is toksies. Hoe bestuur ek die werkspolitiek en my baas se humeur? Is dit beter om 'n ander werkplek te soek?

Die lys van vrae is baie lank en bogenoemde is net voorbeelde van die aangeleenthede waarmee jong volwassenes worstel. Dit sentreer gewoonlik rondom vier areas wat die belangrike lewensfase kenmerk: romantiese verhoudings of die huwelik, besluite oor loopbane, die besluit om met 'n gesin te begin en die koop van 'n huis.

Ongelukkig is daar nie maklike antwoorde nie, en my idees oor dié situasies raak ook soms op. Dit is nie 'n maklike lewensfase om jouself in te bevind nie, en hierdie uitdagings dwing jou om eerder na binne te kyk, as om na buite na vinnige oplossings te soek. Jy besef dat die besluite wat jy nou neem, 'n groot impak op jou lewe kan hê, maar waar begin jy en hoe benader jy dit op 'n verantwoordelike manier?

Die regte vertrekpunt is om vyf belangrike vrae te beantwoord:

Wie is ek?

Wat is my waardes?

Wat glo ek?

Wat is die regte vrae?

Is die inligting wat ek inwin toepaslik?

Vervolg op bladsy 19 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 11

Navorsing deur sielkundiges en teoloë wat in psigo-spiritualiteit spesialiseer, beweer dat jou persoonlikheid teen jou vroeë dertigs in 'n redelike mate gevorm is. Lewensveranderende besluite moet dan eerstens geneem word op grond van 'n diep begrip van wie jy as persoon is, asook jou diepgewortelde waardes en behoeftes. Dit is baie belangrik om bewus te wees van jou lewensuitkyk en dit waarin jy glo. Sonder dat jy dit besef, kan dit jou in 'n rigting stuur wat moontlik later problematies kan wees.

Wanneer 'n mens goeie insig het in wie jy is en weet wat jou waardes en jou lewensuitkyk is, kry jy 'n beter begrip van watter rigting jy moet inslaan. Dit help jou om kwaliteitvrae te stel en om relevante inligting in te win oor die temas waarmee jy worstel. Alles sal dan meer sin maak en met mekaar strook. Dit skep 'n gevoel van kongruensie met jou medemens en kan jou met ongelooflike energie en kreatiwiteit vervul.

Die geheim is kongruensie, wat in hierdie konteks beteken dat jou ware self én die wyse waarop mense jou ervaar, ooreenstem. Jou natuurlike gedrag en jou selfbeeld moet dus ooreenstem. Wanneer jy besluite neem wat gegrond is op jou eie identiteit en vanuit 'n posisie van kongruensie, sal jy ontdek dat die pad vorentoe helderder word. Jy sal meer verstaan oor wat die Here met jou skepping in gedagte gehad het en besef dat jou unieke self, op hierdie tydstip, 'n waardevolle bydrae tot die wêreld kan wees.

| Rudolph van Schoor is 'n lewensafrigter en traumaspesialis by die Stellenberg Terapiesentrum.